## SPORT PLAAS DIE HOËRSKOOL STRAND ONDER DIE [illegible]
## 1962 - 1999

Om binne die bestek van 'n paar woorde `n getroue weergawe te gee van die rol wat sport in die uitbouing van die naam van die Hoërskool Strand gespeel het, is bykans `n onbegonne taak. Maar dit het tog `n besondere beginpunt gehad. Meneer Odendaal, die eerste hoof, het op `n dag aan my gesê dat hy gou besef het dat, om die skool se naam op die "kaart" te plaas, prestasies buite die skool, veral op sportgebied, en teen groot skole, noodsaaklik was.

En toe kry hy `n aansoek om `n onderwyspos by die skool van ene mnr. **Piet Faasen**, toe nog `n onderwyser op Colesberg. En net daar is hierdie probleem opgelos, want Piet Faasen het oor baie jare die stukrag geword van die sportontwikkeling by die skool; is dit trouens in `n sekere opsig steeds. Sy eerste belangstelling was rugby en atletiek, maar sy geesdriftige invloed het veel wyer gestrek. En die bydrae wat hy tot die ontwikkeling van spelers se sportmanskap, dissipline en trots gemaak het, kan nooit ooit na wense geskat word nie. Hy was van 1966-2003, 2006-2008 en 2011 tot op hede by die Hoërskool Strand se sportafrigting, hoofsaaklik rugby en atletiek, betrokke. Hy was afrigter van WP se O.20-rugbyspan van 1994-1998 en van die WP- Cravenweekspan in 1974 en1975 en weer van 1985-1987. In atletiek was hy 5 jaar afrigter/bestuurder van WP-Junior Atletiek.

Weens beperkte ruimte kan die name van al die presteerders oor die eerste jare nie hier aangeteken word nie en sal slegs 'n paar uitsonderlike prestasies in elke sportsoort kortliks genoem word.

### TENNIS

In tennis het **Stefan en Nelia Kruger** (broer en suster) die beste individuele prestasies gelewer deur albei aan die Junior Wimbledon tennistoernooi deel te neem. Stefan het in 1984 in die eindronde net-net verloor en Nelia het ook aan die Franse Ope (vir juniors) deelgeneem. **Stefan** het in 1984 Junior Springbok geword toe hy vir die SA-junior span teen die VSA gespeel het.

Die tennisspanne het in die jare 1965 tot 1993 plaaslike kompetisies oorheers en die Boland-beker tien keer (meisies) en elf keer (seuns) verower. Die seunspan van 1987 het ook as die kampioenspan van Kaapland op Ellispark teen die ander topspanne gespeel, maar met 1-4 teen Afrikaans Hoër verloor. In hierdie jare was **Gerrit Steenkamp** en **André Heyman** ook lid van die SA-skolespan.

Die onbeskryflike bydrae wat dr. **Charles Morkel** oor baie jare tot die ontwikkeling van jong spelers in die Strand gelewer het, mag nie ongenoem gelaat word nie.

### GHOLF

Die **gholfspelers** het in die kort bestaan van hierdie sportsoort by die skool goed presteer. Hulle het in 1990 die eerste keer interskole gewen, nogal met Trevor Immelman in HHH se span!

In 1997 het **Francois Olivier** die WP se skolespan gehaal en in 1999 het Strand die WP-kampioenskap gewen en vyfde in die RSA geëindig.

### ATLETIEK

**Floris van der Merwe** was die eerste **atleet** wat in die sestigerjare provinsiale kleure ontvang het. Tussen 1974 en1999 het 93 van ons atlete die WP-span gehaal. Uitblinkers was: **Winnie Morkel** (1978) – goue medalje in verspring by die SA-Junior Kampioenskappe, **Dirk Hanekom** (1982) - twee rekords in skyfwerp en gewigstoot en lid van die SA-skolespan wat oorsee getoer het, asook **John Nolan** (1990) wat in die lang afstande die SA-skolespan gehaal het. Tussen 1986 en 2000 het ons atlete by 9 geleenthede al drie skilde met Interskole gewen

### RUGBY

Seker die grootste hoogtepunt uit vele in **rugby** was toe die eerste rugbyspan, wat daardie jare in die

Om binne die bestek van 'n paar woorde `n getroue weergawe te gee van die rol wat sport in die uitbouing van die naam van die Hoërskool Strand gespeel het, is bykans `n onbegonne taak. Maar dit het tog `n besondere beginpunt gehad. Meneer Odendaal, die eerste hoof, het op `n dag aan my gesê dat hy gou besef het dat, om die skool se naam op die "kaart" te plaas, prestasies buite die skool, veral op sportgebied, en teen groot skole, noodsaaklik was.

En toe kry hy `n aansoek om `n onderwyspos by die skool van ene mnr. **Piet Faasen**, toe nog `n onderwyser op Colesberg. En net daar is hierdie probleem opgelos, want Piet Faasen het oor baie jare die stukrag geword van die sportontwikkeling by die skool; is dit trouens in `n sekere opsig steeds. Sy eerste belangstelling was rugby en atletiek, maar sy geesdriftige invloed het veel wyer gestrek. En die bydrae wat hy tot die ontwikkeling van spelers se sportmanskap, dissipline en trots gemaak het, kan nooit ooit na wense geskat word nie. Hy was van 1966-2003, 2006-2008 en 2011 tot op hede by die Hoërskool Strand se sportafrigting, hoofsaaklik rugby en atletiek, betrokke. Hy was afrigter van WP se O.20-rugbyspan van 1994-1998 en van die WP- Cravenweekspan in 1974 en1975 en weer van 1985-1987. In atletiek was hy 5 jaar afrigter/bestuurder van WP-Junior Atletiek.

Weens beperkte ruimte kan die name van al die presteerders oor die eerste jare nie hier aangeteken word nie en sal slegs 'n paar uitsonderlike prestasies in elke sportsoort kortliks genoem word.

## TENNIS

In tennis het **Stefan en Nelia Kruger** (broer en suster) die beste individuele prestasies gelewer deur albei aan die Junior Wimbledon tennistoernooi deel te neem. Stefan het in 1984 in die eindronde net-net verloor en Nelia het ook aan die Franse Ope (vir juniors) deelgeneem. **Stefan** het in 1984 Junior Springbok geword toe hy vir die SA-junior span teen die VSA gespeel het.

Die tennisspanne het in die jare 1965 tot 1993 plaaslike kompetisies oorheers en die Boland-beker tien keer (meisies) en elf keer (seuns) verower. Die seunspan van 1987 het ook as die kampioenspan van Kaapland op Ellispark teen die ander topspanne gespeel, maar met 1-4 teen Afrikaans Hoër verloor. In hierdie jare was **Gerrit Steenkamp** en **André Heyman** ook lid van die SA-skolespan.

Die onbeskryflike bydrae wat dr. **Charles Morkel** oor baie jare tot die ontwikkeling van jong spelers in die Strand gelewer het, mag nie ongenoem gelaat word nie.

## GHOLF

Die **gholfspelers** het in die kort bestaan van hierdie sportsoort by die skool goed presteer. Hulle het in 1990 die eerste keer interskole gewen, nogal met Trevor Immelman in HHH se span!

In 1997 het **Francois Olivier** die WP se skolespan gehaal en in 1999 het Strand die WP-kampioenskap gewen en vyfde in die RSA geëindig.

## ATLETIEK

**Floris van der Merwe** was die eerste **atleet** wat in die sestigerjare provinsiale kleure ontvang het. Tussen 1974 en1999 het 93 van ons atlete die WP-span gehaal. Uitblinkers was: **Winnie Morkel** (1978) – goue medalje in verspring by die SA-Junior Kampioenskappe, **Dirk Hanekom** (1982) - twee rekords in skyfwerp en gewigstoot en lid van die SA-skolespan wat oorsee getoer het, asook **John Nolan** (1990) wat in die lang afstande die SA-skolespan gehaal het. Tussen 1986 en 2000 het ons atlete by 9 geleenthede al drie skilde met Interskole gewen

## RUGBY

Seker die grootste hoogtepunt uit vele in **rugby** was toe die eerste rugbyspan, wat daardie jare in die superliga gespeel het, in 1985 en 1986 die nie-amptelike WP-kampioene was. In die laaste wedstryd op 1986 se program het Strand en Biskoppe (die enigste twee onoorwonne spanne) op ons veld kragte gemeet. Toe die eindfluitjie blaas, was Strand die wenner met twee drieë teen een. Een van die drieë is deur **Kobus van der Merwe**, wat laterjare die Stormers afgerig het, gedruk.

**Kobus Niemann** (1972) was die eerste Cravenweekspeler. Ander uitblinkers was **Kobus Kirsten** (1987): dubbele provinsiale kleure in atletiek en rugby, sy broer, **Jaco Kirsten**: reserwe van die SA-skolespan, **Paul**